**8 Julie**
**Skrifgedeelte: Matteus 6:25, 26, 31-34**

## Moet jou nie bekommer nie

Is daar baie dinge waaroor jy jou bekommer? Luister wat sê Jesus Christus in Matteus 6 oor die sorge van die lewe: "Moenie julle bekommer oor die lewe, kos en klere nie." Ons Vader in die hemel sorg vir ons. Kyk rondom jou – Hy sorg vir die wilde voëls en plante. Vir ons sorg Hy as sy kinders. Ons is meer werd as die voëls. Hy het ons gekoop met sy bloed. Jesus tipeer bekommernis as kleingeloof, selfs as heidens.

Wat moet jy doen? Stel jou in op die koninkryk van God en sy wil. Hy sal jou alles gee wat nodig is. In vers 34 wys Jesus vir ons op die oorsaak van bekommernis én Hy dui die pad van genesing aan. Bekommernis bring die toekoms se probleme na die hede Dit is verkeerd. Moet jou nie bekommer oor môre nie. Die hede is moeilik genoeg. Waarom wil jy nog die toekoms se probleme gaan haal? Hou by elke dag. God gee jou krag vir alles wat jy elke dag moet doen. Moet Hom nie probeer vooruitloop nie. Ons hemelse Vader wat vandag vir ons sorg, sal dit môre ook doen. Daarom mag ons ons nie oor môre bekommer nie.

Laat die toekoms in God se hande. Hy is gister, vandag en môre en tot in ewigheid dieselfde. Vertrou op Hom vir elke dag se sorg. Waar jy jou ook al mag bevind, Hy is by jou. Waar jy ook al 'n probleem ondervind, gaan na Hom toe. Leef getroos, want ons hoef ons oor niks te bekommer nie.

*Ds LM Kruger (Uitenhage)*